# Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ........................................

13/09/2022

**OUER-OMSENDBRIEF NO 6 VAN 2022**
Geagte Ouer/ Voog

**PERSONALIA**
Hartlik welkom aan al die volgende personeel wat onlans by Transvalia aangesluit het: Me. A Venske – Departementshoof Afrikaans, Me. K Koekemoer – Engels. Baie geluk ook aan Me. A Hartman wat 'n pos aanvaar by Laerskool Emfulenipark as Departementshoof. Ons beste wense vergesel haar. Baie dankie vir die tyd wat sy by Hoërskool Transvalia op verskeie terreine 'n verskil gemaak het. Baie geluk aan Me. Tanya Steyn met die geboorte van Ewan.

**BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2022**
Die ouervergadering vir die goedkeuring van die begroting vir 2023 vind plaas op 17 Oktober 2022 om 18:00 in die skoolsaal. Almal word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon.

**NETBAL**
Baie geluk aan ons o/15 Fast 5 span wat die 5de in Gauteng geëindig het, en 3 – 4 Oktober gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te Laerskool Concordia.

Ons is baie trots op hulle en wens hulle baie sterkte toe met hul voorbereiding.

**LANDLOOP**
Geluk aan Selna van As wat in die Gauteng Landloopspan is. Sy gaan aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelneem op 30 September in Oos-London.

o/15 Meisies landloopspan wen Liga D8.

- Selna van As
- Jaimé Smidt
- Lana Dekker
- Leané Meyer

Sterkte aan die TAC landloopspan vir die ASA landloopkampioenskappe in Rustenburg die 17 September 2022.
30 Atlete het gekwalifiseer.



5563 ONS Print: 0861 667 123

**KRIEKET**

Baie geluk aan die volgende seuns wat na die onlangse proewe gekies is om Sedibeng te verteenwoordig by die Gauteng proewe in September. Ons hier by Valia is baie trots op julle.

- o/15A Tshepo Molakeng
- o/16A Nandus Mc Lean
  Kyle Cutler
- o/18A Là-Morgane Massyn
  Rico Fourie
  Ruben van der Merwe
  Dylan Erasmus

**ATLETIEK**

NWU Top 30 byeenkoms 22 en 23 Oktober in Potchefstroom
28 Oktober is Oubaas Coetzee atletiekbyeenkoms by DP de Villiers Stadion in Sasolburg

**FOTODAG**

Alle individuele en sport/kultuurfotos wat nog nie geneem is tydens die vorige fotodag nie, sal op 12 Oktober geneem word.

Valia groete

**JR VENSKE**
Hoof